education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## RELIGIESTUDIES V2

## NOVEMBER 2009

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 10 bladsye.**

## VRAAG 1

1.1 Verduidelik die invloed van apartheid op godsdiensverdraagsaamheid in Suid-Afrika.

- **Gedurende die apartheidsarea het die regering Christelike Nasionale Onderrig bevorder.**
- **In openbare skole is slegs Bybelonderrig en godsdiensonderwys wat op die Christelike godsdiens gebaseer is, in die skoolkurrikulum toegelaat.**
- **Alle ander godsdienste is onderverteenwoordig en nie enige befondsing gegee nie.**
- **Byvoorbeeld, Islam was bekend as Mohammedanisme; ATR is animisme genoem en die Hindoes is heidene genoem.**
- **'Gewoontehuwelike' is nie erken nie (bv. Islam), tensy dit 'n Christelike huwelik was.**
- **Sekere Christenkerkverbande is bevorder deur die staat in terme van grondtoekennings, aanstellings van kappelane, jeugberaders ens.**
- **Apartheid het intergodsdienstige dialoog verhoed.**
- **Die enigste sendingwerk wat toegelaat was, was Christelike sendingwerk.** (15)

1.2 Hoe het dit verander in post-apartheid Suid-Afrika?

- **Die grondwet van Suid-Afrika bevat die Handves van Menseregte.**
- **Elkeen het die reg tot vryheid van gewete, godsdiens, denke, geloof en opinie.**
- **Godsdiensbyeenkomste kan beoefen word by staats- of staatsbefondsde instellings, mits dit beoefen word volgens die reëls van openbare gesag en op 'n gelyke grondslag. Toegang moet gratis en vrywillig wees.**
- **Persone wat tot 'n kulturele, godsdienstige of linguistiese gemeenkap behoort, mag nie die reg tot assosiasie met ander lede van die gemeenskap ontsê word nie.**
- **Die regte van gemeenskappe kom egter met sekere verantwoordelikhede.**
- **Die skoolkurrikulum bevorder nie enige spesifieke godsdiens nie, maar die akademiese bestudering van alle godsdienste word aangemoedig.**
- **Staatsbefondsing word op 'n gelyke grondslag toegeken.**
- **'Gewoontehuwelike' word nou erken.**
- **Regeringsbefondsde kappelane en jeugberaders word uit alle godsdienste aangestel.**
- **Niemand kan uitgesluit word uit enige regeringsinstellings op grond van godsdiens, belydenis of ras nie.** (15)

1.3 Bespreek die rol van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede (WKGV/'WCRP').

- **Die oorsprong van die WKGV ('WCRP') was die begeerte om die moontlikheid te ondersoek om 'n godsdienstige beraad te reël om die behoefte van gelowiges regoor die wêreld aan te spreek om aksie te neem om vrededialoog te bewerkstellig.**
- **Die WKGV ('WCRP') se rol was ook die verkenning van die moontlikheid van 'n wêreldwye konferensie van godsdiensleiers. Dit het gelei tot die konferensie in Kyoto in 1970.**
- **Meer as 1 000 godsdiensleiers van elke kontinent het hierdie konferensie bygewoon.**
- **Hierdie visie gaan selfs verder terug na 1893, toe 'n Parlement van Godsdienste in Chicago gehou is.**
- **Die hoop was om 'n multigodsdienstige dialoog aan te moedig.**
- **Ook die uitruil van insigte oor die oorsaak van konflik.**
- **Ook om verskeie benaderings tot die bereiking van vrede.**
- **Ook om ervarings te deel oor hoe om konflikareas aan te spreek.**
- **Om 'n gemeenskaplike multigodsdienstige benadering tot vrede te bou.**
- **In 1984 het die Suid-Afrikaanse tak van die Wêreldkonferensie van Godsdienste vir Vrede mense van baie verskillende godsdienste saamgebring om teen apartheid te veg.** (20)

**[50]**

## VRAAG 2

Lees die volgende stellings en beantwoord die vrae wat volg:

| |
|---|
| Suid-Afrika hou elke jaar "Sestien Dae van Aktivisme" om die probleem van geweld teen vroue en kinders uit te lig. |

Wat, dink jy, kan die land se verskeie godsdiensorganisasies doen om ook die probleem van geweld teen vroue en kinders te hanteer? Skryf jou antwoord onder die volgende opskrifte:

2.1 ***Ontleding van die huidige situasie in verband met geweld teenoor vroue en kinders.***

- **Geslagsvooroordeel kom in alle gemeenskappe in Suid-Afrika voor.**
- **Dit is die gevolg van die patriargale oriëntering van die gemeenskap.**
- **Hierdie oriëntering veroorsaak die dominansie van die manlike lede in die gesin/familie.**
- **Die aanspraak op superioriteit volg uit fisiese, ekonomiese en sosiale sterkte.**
- **Vroue word as minderwaardig teenoor mans gesien, en geniet nie gelyke regte nie.**
- **Kinders word gesien as die verantwoordelikheid van die moeder – afwesige-vader-sindroom.**
- **Verhoudings waarin mishandeling voorkom lei tot onstabiele gesinne en mishandelde kinders.**
- **Die mishandeling kan emosioneel, verbaal, fisiek of seksueel (verkragting) wees.** (10)

2.2 ***Evaluering van die huidige veldtogte met gepaste ondersteunende voorbeelde.***

- **Radioprogramme: onderhoude word gevoer met gemeenskapsleiers, mishandelde vroue en kinders en godsdiensleiers.**
- **Regeringsdepartemente plaas advertensies in die gedrukte, oudio- en visuele media.**
- **Munisipaliteite en NGO's hou seminare en bewustheidsveldtogte.**
- **Hierdie veldtogte het min uitwerking, omdat hierdie tipe geweld steeds voortduur.**
- **Meer kinderhuise, skuilings/forums vir mishandelde vroue en kinders word gestig.**
- **Wetgewing het nie die getal gerapporteerde gevalle verminder nie.** (10)

2.3 ***Die rol wat verskeie godsdiensorganisasies kan speel met ondersteunende verwysings van normatiewe bronne.***

- **Mediaveldtogte kan die waarde van vroue en kinders beklemtoon. Bv. 'waar vroue vereer word, bly die gode' (Hindoe); 'die paradys is onder die voete van die moeder (Islam); 'hy wat sy vrou liefhet, het homself lief' (Christelike godsdiens).**
- **Godsdiensorganisasies kan hierdie veldtog as een van hulle prioriteite beskou.**
- **Godsdienstige tekste is duidelik oor die belangrikheid van vroue in die samelewing. Bv. in die Hindoekultuur word die vrou ook as heilig uitgebeeld; Moeder Maria word in die Christelike godsdiens vereer; Islamitiese wette erken die reg van vroue om te erf.**
- **Godsdienstige organisasies kan die idee beklemtoon dat kinders deur voorbeelde leer. Om geweld voor hulle te pleeg, laat hulle glo dat geweld aanvaarbaar is.**
- **Godsdienstige skole moet gebruik word om kinders bewus te maak van hulle regte en verantwoordelikhede. Hierdie skole beskou kinders as toekomstige leiers.**
- **Die konsep van die liefde van God aan die mensdom word in alle godsdienste bevorder. Hierdie leerstelling moet deur alle godsdienstige organisasies beklemtoon word.**
- **Godsdiensleiers moet goeie voorbeelde word om die idee van respek en liefde vir kinders en vroue aan ander te leer.** (15)

2.4 ***Ten minste DRIE voorbeelde van gesamentlike programme wat tussen regering en godsdienstige organisasies gereël kan word.***

- **Skep van forums wat deur die regering befonds word en deur godsdiensorganisasies bestuur word vir die volgende doel:**

1. **Skuilings vir mishandelde vroue in alle areas om tydelike skuiling aan die vroue te bied.**
2. **Weeshuise om 'n plek te hê waar weeskinders met waardigheid kan grootword.**
3. **Plekke van veiligheid om 'n veilige omgewing te skep vir mense wat mishandel en getraumatiseer is.**

Kopiereg voorbehou 

- **Regering- en godsdiensorganisasies moet gereeld konferensies en seminare hou.**
1. **Hou konferensies op grondvlak ('grassroots level') sodat inligting die mense kan bereik.**
2. **Seminare vir godsdiensleiers en regeringsbeamptes.**
3. **Die regte en verantwoordelikhede van alle burgers moet deur die regering en godsdienorgansiasies beklemtoon word.**

- **Konsultasieforums soos die Raad van Godsdiensouderlinge en ander godsdiensgenootskappe moet die regering raadgee oor die behoeftes van die gemeenskap.**
1. **Gereelde kommunikasie moet bestaan tussen godsdiensgemeenskappe en die regering.**
2. **Statutêre komitees moet gevorm word.**

- **Reël promosietoere ('roadshows') om oplossings vir die probleem van geweld teen vroue en kinders uit te lig.** (15)

**[50]**

## VRAAG 3

Lees die volgende aanhaling en beantwoord die vrae wat volg:

> "Die 19de-eeuse teorie van biologiese evolusie, 'n wetenskaplike teorie, het 'n potensiële bedreiging vir die Christen se begrip van die skepping van die mens ingehou. Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is."
>
> [Aangepas en vertaal uit: *Shuters Religion Studies Grade 12*, Hofmeyr et al. Bladsy 69]

3.1 Bespreek die verhouding tussen godsdiens en wetenskap. (10)

3.2 Verduidelik die invloed wat Darwin se teorie oor evolusie op die skepping, volgens die Christelike godsdiens, gehad het. (20)

3.3 Bespreek die reaksie van enige (EEN) godsdiens, behalwe die Christendom, op die teorie van evolusie. (20)

3.1. ***Die verhouding tussen godsdiens en wetenskap.***

- **Wetenskaplike ontwikkelinge het ons wêreld verander.**
- **Op 'n dieper vlak het wetenskap die manier waarop mense na die wêreld kyk, uitgedaag.**
- **Meer belangrik is dat wetenskap die fondasies van tradisionele godsdienste uitgedaag het.**
- **Die verskille tussen godsdiens en wetenskap het in die laaste vier eeue na vore gekom.**
- **Die twee benaderings word meer en meer kompeterend, en selfs strydend.**

- **In alle kulture het godsdiens tradisioneel antwoorde op die volgende vrae voorsien:**
  1. **Hoe en waar het die wêreld ontstaan?**
  2. **Wanneer het die mens sy eerste verskyning gemaak?**

- **Terwyl sommige godsdienste dit as 'n groot teenstrydigheid sien, is dit vir ander minder moeilik om hulle leerstellings met die teorieë van die wetenskap te versoen.** (15)

3.2 ***Die impak wat Darwin se evolusieteorie op die Christelike godsdiens gehad het.***

- **Darwin se teorie bestaan hoofsaaklik uit vier idees:**
  1. **Spesies bevat 'n groot verskeidenheid klein verskille.**
  2. **Beide die wêreld en spesies verander met tyd.**
  3. **In die stryd om oorlewing sal die beter-aangepaste variasies oorleef, terwyl dié wat nie aangepas is nie, sal sukkel om te oorleef.**
  4. **Op hierdie manier kan 'n spesie geleidelik verander en meer kompleks raak – deur volgens 'n pad van suksesvolle variasie te ontwikkel.**
- **Volgens die kreasioniste is daar geen twyfel dat God die heelal as deel van sy meesterplan vir die mensdom geskep het nie.**
- **Genesis beskryf hoe God die wêreld in sewe dae geskep het.**
- **God het Adam en Eva geskep, dus lyk dit asof daar nie 'n plek vir die evolusieteorie in die skepping is nie.**
- **Darwin se werk is as kontroversieel gesien deur die Kerk.**
- **Darwin se idees is as volg gekritiseer:**
  1. **Daar was geen bewyse in menslike geskiedenis vir die ontwikkeling van nuwe spesies nie.**
  2. **Daar was geen bewyse dat een spesie uit 'n ander ontwikkel het nie.**
  3. **Die pogings om nuwe spesies te skep deur kruisteling is dikwels onsuksesvol omdat kruisings nie geteel kan word nie.**
- **Een van die redes waarom Darwin se teorie so 'n groot impak op die Kerk gehad het, is dat dit lyk asof dit 'n alternatiewe verduideliking gee wat nie die idee van 'n intelligente ontwerper nodig het nie.**
- **Die meeste ortodokse en konservatiewe gelowiges dring daarop aan dat hierdie skeppingsmites as werklikhede gelees moet word, want indien hulle onwaar is, kan dit ander oortuigings en leerstellings bevraagteken.** (20)

3.3 ***Die reaksie van enige EEN godsdiens, behalwe die Christendom, op die teorie van evolusie.***

- **Die Hindoegodsdiens is nie hewig geraak deur die evolusieteorie nie.**
- **Terwyl dit nie met die hele konsep saamstem nie, ondersteun Hindoe-geleerdes nie die teorie in beginsel nie.**
- **Baie Hindoes het 'n probleem met evolusie wat net op fisiese en natuurlike seleksie gebaseer is.**

- **Terwyl hulle die evolusieteorie kan aanvaar, argumenteer hulle dat dit ook ‘n spirituele element moet insluit by die teorie in die vorm van bewustheid.**
- **Die beginsel van Karma stipuleer dat iemand ‘n liggaam onvang volgens sy/haar vorige aksies. Die huidige liggaam moet in ooreenkoms wees met die vlak van bewustheid van die huidige wese.**
- **Die toerie van intelligente ontwerp verwerp nie evolusie nie, maar hulle beweer dat dit nie die enigste verduideliking kan wees vir hoe alles in die heelal geskep is nie.**
- **Volgens Hindoeïsme moet daar ‘n intelligente ontwerper agter evolusie wees, omdat hulle glo dat alles bestaan as deel van Brahman, wat die hoogste vorm van bewustheid is.** (15)

**[50]**

## VRAAG 4

Met verwysing na EEN godsdiens van jou keuse, verduidelik die volgende begrippe:

4.1 Kontemporêre inspirasie (20)

4.2 Heilige boeke (20)

4.3 Die hermeneutiese beginsels wat van toepassing is op die normatiewe bronne van die godsdiens wat jy gekies het. (10)

4.1 ***Kontemporêre inspirasie.***

- **Inspirasie is ‘n baie belangrike normatiewe bron in baie godsdienste.**
- **Die term kontemporêre inspirasie verwys na inspirasie wat vandag steeds plaasvind.**
- **In die meeste godsdienste is daar figure met volgelinge wat glo dat hulle deur ‘n hoër krag of wysheid geïnspireer is.**
- **Die stigtingsfigure in godsdienstige geskiedenis beweer gewoonlik dat hulle geïnspireer is.**
- **Ons ken nie die name van al die geïnspireerde figure, soos vroeë Afrika Tradisionele Godsdiens of Hindoeïsme nie.**
- **Baie bekende figure wat egter geïnspireer is, sluit in Abraham, Moses, Confucius, Vedvyas, die Buddha, Jesus, Muhammed en Baha'u'llah.**
- **Daar word geglo dat hierdie figure van aangesig tot aangesig met God gekom het.**
- **In Afrika Tradisionele Godsdiens kommunikeer mense met hulle voorvaders en ontvang boodskappe.**
- **In die Abrahamiese gelowe glo hulle dat hulle profete goddelike inspirasie ontvang het wat as hul heilige geskrifte neergeskryf is.**
- **In die Oosterse godsdienste het ‘n aantal mense wat heilige leermeesters geword het, goddelike inspirasie ontvang.**

- **Baha'u'lla was die stigter van die Bahai-godsdiens wat in die 19de eeu geleef het.**
- **In terme van godsdienstige geskiedenis was dit redelik onlangs tog het hy goddelike inspirasie ontvang.** (20)

4.2 ***Heilige boeke.***

- **Skryfkuns het ongeveer vier duisend jaar gelede op die godsdienstoneel verskyn.**
- **Soos wat skryftegnologie meer algemeen geword het, het dit meer en meer in die tekstuur van tradisie ingedring.**
- **Tradisies het meer vas geword.**
- **Orale tradisies wat parallel met geskrewe tradisies kan loop, is baie vloeibaar.**
- **In Hindoeïsme word onderskei tussen ontsluierde (gehoorde) geskrifte (shruti) en sekondêre (onthoude) geskrifte wat deur mense opgestel is. Die heilige boek is die Vedas.**
- **In Judaïsme staan die primêre geskrifte saam bekend as die Tenach. Van hierdie, geniet die eerste groep kanonstatus.**
- **Van alle godsdienste neem Islam die idee van goddelike openbaring as perfek neergeskryfte geskrifte die ernstigste op.**
- **Die Koran word algemeen beskou as 'n perfekte kopie/afskrif van die oorspronklike ewige tablet met inskripsies in die hemel.**
- **Heilige boeke bestaan dikwels nie net as 'n idividuele werk nie, maar as deel van groter versamelings.**
- **'n Belangrike onderskeid moet tussen primêre bronne en kommentaar gemaak word.**
- **Kommentaar is sekondêre geskrifte.**
- **Dit is verduidelikings en toepassings van die normatiewe primêre bronne.**
- **Die meeste godsdienste met heilige boeke het ook baie kommentaar op primêre geskrifte.** (20)

4.3 ***Die hermeneutiese beginsels wat van toepassing is op die normatiewe bronne van die verkose godsdiens.***

**[NOTA: DIE VOLGENDE IS 'n VOORBEELD VAN DIE REAKSIES GEBASEER OF DIE CHRISTELIKE GODSDIENS EN ISLAM.)]**

- **Die woord hermeneutika beteken om te interpreteer.**
- **Geneem in die tradisionele konteks, was hermeneutika die poging deur mans en vroue vanuit sekulêre of godsdienstige oogpunte of perspektief of vooroordeel om die geskrif hoofsaaklik in die lig van hulle eie oortuigings te interpreteer, en tweedens in die historiese konteks.**
- **Die beginsels van hermeneutiese interpretasie is:**

1. **Grammatikale en historiese konteks.**
2. **Duidelikste betekenis.**
3. **Plan, doel en konteks.**
4. **Betekenis van woorde.**
5. **Figuurlike taal.**

**6. Die oorweging van ander heilige geskrifte.**
- **Die Christenbybel bestaan uit die Ou en Nuwe Testamente.**
- **Hierdie geskrifte is as gesaghebbend verklaar deur vorige geloofsgemeenskappe.**
- **Nooit in die geskiedenis van die Bybel was daar net een manier om Bybelse tekste te interpreteer nie.**
- **Volgens Islam is die Koran 'n heilige geskrif wat goddelike openbaring van God aan sy boodskapper bevat.**
- **Moslemgeleerdes verwys na interpretasie, kommentaar, en hermaneutika as "tafsir".**
- **Die "tafsir" is 'n komplekse term en verwys na die omvattende begrip en kennis van die Koran.**
- **Dit verwys ook na die proses om die betekenis te vind en die proses om die reëls, wysheid en grondstellings te stel.** (10)

**[50]**

## VRAAG 5

Bespreek die sentrale leerbeginsels van enige EEN godsdiens onder die volgende opskrifte:

(Die volgende is 'n riglyn van die verwagte antwoord. Die Christelike geloof word gebruik as 'n voorbeeld. Alle ander antwoorde sal dieselfde formaat volg.)

5.1 ***Aard van goddelikheid.***

- **Christene glo in die bestaan van 'n Hoër en Goddelike Wese as God.**
- **God onthul Homself as drie persone.**
- **God die Vader as skepper van die heelal.**
- **God die Seun as redder van die mensdom.**
- **En God die Heilige Gees as die berader van Christene.**

5.2 **Aard van die wêreld.**

- **Volgens die Christelike godsdiens was daar niks in die begin behalwe chaos nie.**
- **Die boek van Genesis vertel dat God die wêreld en die heelal in ses dae geskep het en op die sewende dag gerus het.**
- **Die wêreld wat perfek nadat die Heilige Drie-eenheid klaar was met die skepping.**
- **Mense, seelewe, diere en plante behoort alles aan God.**
- **Volgens Christelike oortuigings is die wêreld onderhewig aan die bestuur van die mensdom.**

5.3 ***Plek en verantwoordelikheid van die mensdom in die wêreld.***

- **Christene glo dat mense na die beeld van God geskape is.**
- **Nadat Adam en Eva geskep is, het God hulle opdrag gegee om na die tuin van Eden en die hele skepping om te sien.**
- **As medeskeppers saam met God, is mense God se verteenwoordigers op die aarde.**
- **God het hulle aangestel om na sy eiendom, die wêreld, om te sien.**
- **Hulle is verantwoordbaar aan God.**

Kopiereg voorbehou 

5.4 ***Oorsprong van die bose.***

- **Volgens die Christelike godsdiens het God nie die bose geskep toe hy die wêreld geskape het nie.**
- **Hy het 'n perfekte wêreld en perfekte mense geskep.**
- **Die bose is later bekendgestel toe Adam en Eva God se opdragte verontagsaam het.**
- **Christene noem hierdie tipe ongehoorsaamheid 'sonde'.**
- **Christene glo dat die bose deur Satan gebruik word wat eens God se engel was, maar teen God gerebelleer het.**

5.5 ***Lewe na die dood.***

- **Christene glo dat mense geskep is om onsterflik te wees.**
- **Adam en Eva het egter God se opdragte verontagsaam.**
- **Die straf vir hierdie sonde was die dood vir die mensdom.**
- **Selfs na hierdie straf, het God steeds probeer om die mensdom van die bose en die dood te bevry.**
- **Christene verwag 'n nuwe gemeenskap na die dood wat gekenmerk sal word deur liefde, mededeelsaamheid en omgee.** (10)

**[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou